

Die vervolging van Christene neem wêreldwyd voortdurend toe. Ons moet nou meer as ooit vir die Liggaam van Christus bid, aangesien Satan die harte en gedagtes van mense regoor die wêreld probeer wen. Hy gebruik h wye verskeidenheid taktieke om die Kerk te vervolg en ons getuieis te verswak.

Gebruik hierdie gebedskaart as riglyn om saam met ons vir die Kerk te bid. Bid veral vir die onderskeie streke waar Christene vyandigheid, isolasie en vervolging ervaar.

Besoek www.OpenDoors.org.za vir meer inligting oor die vervolging van Christene.



ARABIESE SKIEREILAND

Bid vir gelowiges in hierdie Moslem-gedomineerde streek en dat God hulle sal toerus om sterk in hul geloof te staan. Bid dat Hy hulle wysheid sal gee vir hul interaksies met Moslems en dat dié Moslems tot Christus aangetrek sal word.



LATYNS-AMERIKA

Die voortdurende afbreek van staatstrukture en wantroue in die owerhede lei tot groot sosiale onrus. Dit verhoog die Kerk se weerloosheid in die streek, aangesien georganiseerde misdaad- en militêre groepe se terreur en skrikbewind ongestraf voortduur. Bid vir vrede en beskerming vir die plaaslike Kerk, en dat God hul harte met hoop sal vul.



MIDDE-OOSTE

Die Midde-Ooste is die geboorteplek van Christenskap. Die Kerk is egter vandag heeltemal vernietig in sekere gebiede weens Islamitiese onderdrukking. Bid dat God Sy Kerk sal herbou in plekke waar dit verswak en dat Christene regdeur die streek sout van die aarde en lig in die donkerte sal wees.

WÊRELDWAARNEMINGSLYS

2020 GEBEDSKAART

DRUK
Mate van druk in 5 sfere van Christelike lewe

Privaatlewe
MAKS PUNTE = 16.7

+

Familielewe
MAKS PUNTE = 16.7

+

Gemeenskapslewe
MAKS PUNTE = 16.7

+

Nasionale lewe
MAKS PUNTE = 16.7

+

Kerklewe
MAKS PUNTE = 16.7

GEWELD
Hoeveelheid gewelddadige insidente teen Christene en kerke

Geweld
MAKS PUNTE = 16.7

MAKS PUNTE
= 83.3

+

MAKS PUNTE
= 16.7

=

RANG
#

MAKS PUNTE
= 100



ASIË

Christene in Asië ervaar heelwat vyandigheid vanaf Moslem-, Boeddhistiese- en Hindoe-ekstremiste, asook ernstige beperkings weens hul geloof. Bid dat die Kerk in die streek ondanks die vyandigheid sal floreer en h kragtige instrument vir die Koninkryk van God sal word.



AFRIKA

Die verspreiding van gewelddadige Islamitiese militêre veglustigheid in state in sub-Sahara Afrika wat polities swak is, lei tot baie moeilike omstandighede vir Christene. Islamitiese strydslustiges buit hier etniese, stamgebonde en sosio-ekonomiese groepe uit om toestande te skep wat vir hulle rekrute werf en hul invloed versterk. Bid dat God die Kerk sal toerus om hierdie uitdagings die hoof te bied, sodat die harte en gedagtes van Afrikane vir die Koninkryk gewen sal word.

WWL RANGLYS

	TOTALE PUNTE
1 Noord-Korea	94
2 Afganistan	93
3 Somalië	92
4 Libië	90
5 Pakistan	88
6 Eritrea	87
7 Soedan	85
8 Jemen	85
9 Iran	85
10 Indië	83
11 Sirië	82
12 Nigerië	80
13 Saoedi-Arabië	79
14 Maledive	78
15 Irak	76
16 Egipte	76
17 Algerië	73
18 Oesbekistan	73
19 Mianmar	73
20 Laos	72
21 Viëtnam	72
22 Turkmenistan	70
23 China	70
24 Mauritanië	68
25 Sentraal-Afrikaanse Republiek	68
26 Marokko	66
27 Katar	66
28 Burkina Faso	66
29 Mali	66
30 Sri Lanka	65
31 Tadjikistan	65
32 Nepal	64
33 Jordanië	64
34 Tunisië	64
35 Kazakstan	64
36 Turkye	63
37 Broenei	63
38 Bangladesj	63
39 Ethiopië	63
40 Maleisië	62
41 Colombië	62
42 Oman	62
43 Koeweit	62
44 Kenia	61
45 Bhoetan	61
46 Russiese Federasie	60
47 Verenigde Arabiese Emirate	60
48 Kameroen	60
49 Indonesië	60
50 Niger	60

LANDE OM DOP TE HOU

Hierdie lande het h telling van 41 punte of meer behaal, maar het nie genoeg punte ontvang om by die WWL Top 50 ingesluit te word nie.

HOË BAIE HOË UITERSTE VERVOLGING

Geopende Deure se Wêreldwaarnemingslys (WWL) word elke jaar in Januarie vrygestel en bestaan uit die top 50 lande waar Christene die ergste vorme van vervolging verduur. Vervolging word gedefinieer as enige vyandigheid wat h mens vanweë jou Christenskap ervaar. Die WWL neem alle sfere van die lewe en gewelddadige insidente in ag. Die metodes waarvolgens h land se telling en transnasionale vergelyking bepaal word, word onafhanklik goudit deur die Internasionale Instituut vir Godsdiensvryheid. Dié organisasie kontroleer ook lukraak in sommige van die lande of die metodes korrek aangewend word. Addisionele verklarings en interpretasies deur Geopende Deure, wat op die publikasie van WWL 2020 gebaseer is of daarmee geassosieer word, val buite die omvang van hierdie oudit. Tydperk waarvoor verslag gedoen word: 1 November 2018 tot 31 Oktober 2019.